The owner or master or person in charge of a ship which has been involved in any accident whatsoever within the waters of a harbour, whether damage is done to the Transport Services' property or not, shall immediately report the incident to the port captain and shall within 24 hours after the incident furnish the port captain with a full report in writing setting forth the circumstances pertaining to the incident.

22. Tug and other floating craft services.

The Transport Services will, on application or when considered necessary, and subject to the discretion of the port captain and to any conditions which he may impose in the interests of safe, orderly and efficient harbour working, undertake work and provide all towage, tug or other floating craft services at harbours under the Transport Services' jurisdiction where such craft are maintained and are available.

SHIPS-CARGO WORKING**23. Order of working ships.**

Ships shall be worked as far as practicable in order of their arrival and subject to the discretion of the port manager in the interests of safe, orderly and efficient harbour working.

24. Working of ships may be refused.

The port manager may refuse to permit cargo/goods to be landed from a ship until suitable wharf, shed, quay, or other accommodation is available for such cargo/goods, or until arrangements to his satisfaction have been made for the removal and storage of the cargo/goods as the same may be landed.

25. Manifest of cargo.

(1) (a) The ship's owner or his agent shall, at least 72 hours (excluding Sundays and public holidays) before the ship's arrival in the harbour, deliver to the port manager or other authorised officer at his office, a true copy in duplicate of the manifest or report of cargo inwards except in the case of coastal cargo transit bills, which shall be delivered upon arrival of the vessel. [For ships with ISO containers on board see subregulation (3) of this regulation.]

(b) Within 72 hours (excluding Sundays and public holidays) of a ship's departure, the owner or agent shall deliver to the port manager a manifest of the cargo shipped or transhipped to such ship.

(c) A list of passengers for disembarkation shall be furnished on arrival and a list of passengers for embarkation shall be furnished before the departure of the ship.

(2) There shall be reflected next to every item appearing on the manifest (inwards or outwards), or report of cargo inwards, the mass in addition to the unit of volume or capacity or the number of units as required in terms of the scale of harbour tonnage set forth in the *Official Harbour Tariff Book*.

(3) (a) In die geval van 'n skip met ISO-houers aan boord moet die eienaar of agent of 'n ander behoorlik gemagtigde verteenwoordiger minstens 120 uur voor die aankoms van die skip in die hawe aan die hawebestuurder of 'n ander gemagtigde amptenaar in sy kantoor afsonderlike houerlyste (in duplo) oorhandig vir—

- (i) elke houereindpunt waarna die houers geadresseer is (met inbegrip van lyste vir binnelandse eindpunte);
- (ii) elke houerdepot waarna die houers geadresseer is;
- (iii) houers wat oorgeskep moet word by die ontskepingshawe vir kusroetebestemmings of bestemmings in lande buite die Republiek van Suid-Afrika; en
- (iv) leë houers.

(b) Op die houerlyste moet aangetoon word—

- (i) die houers in alfanumerieke volgorde;
- (ii) die naam van die houeroperator wat vir elke houer verantwoordelik is;
- (iii) of die houer 'n volhouervraghouer (FCL-houer) of 'n minder-as-houervraghouer (LCL-houer) is;
- (iv) of die houer verkoel is of in enige ander opsig uitsonderlik is;
- (v) die "Inter-governmental Maritime Consultative Organisation"-klassifikasie (IMCO-klassifikasie) wanneer die houer gevaarlike goedere bevat (kyk regulasie 9);

(vi) die selposisie aan boord (slegs departementeel beplande skepe);

(vii) die totale bruto massa van elke houer en die inhoud daarvan; en

(viii) die ISO-simbool wat die houergrootte aandui.

(c) In gevalle waar meer as een houeroperator in die onderneming betrokke is, moet die houeroperateurs een persoon uit hul geledere kies om die groep te verteenwoordig. Hierdie operateur is verantwoordelik om invoerhouerlyste te voorsien soos hierbo in subparagraaf (a) en (b) van hierdie regulasie uiteengesit.

(4) Die hawebestuurder of 'n ander gemagtigde amptenaar aanvaar wysigings van die houerlyste tot en met 72 uur voor die aankoms van die skip in die hawe op voorwaarde dat sulke wysigings ook op die Departement van Doeane en Aksyns se lys aangebring is en 'n sertifikaat te dien effekte vertoon word.

(5) In die geval van 'n skip wat ISO-houers vervoer wat bestem is vir 'n land buite die Republiek van Suid-Afrika, moet die eienaar, agent of behoorlik gemagtigde verteenwoordiger minstens ses uur voor die aankoms in die hawe afsonderlike houerlyste vir al die houers wat in daardie hawe ontskep moet word aan die hawebestuurder of ander gemagtigde amptenaar oorhandig. Op die lyste moet die besonderhede soos vereis in paragraaf 3 (b) van hierdie regulasie in bestemmingshawevolgorde aangetoon word vir elke skip wat die houers verder vervoer. Indien die skip wat die houers verder vervoer se naam nog nie bekend is nie, moet die houers in alfanumerieke volgorde gelys word.

(6) 'n Afsonderlike houermanifes of verpakkingsverklaring ten opsigte van die vrag in elke ISO-houer moet aan die toepaslike houereindpuntorder en/of oorskepingsorder geheg word.

(7) (a) Die kaptein of agent moet die hawebestuurder of gemagtigde amptenaar so gou moontlik van wysigings in 'n manifes in kennis stel, maar nie later as 72 uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) na die skip se vertrek nie.

(b) Die kaptein of agent moet die hawebestuurder of gemagtigde amptenaar van wysigings in 'n inkomende manifes in kennis stel so gou moontlik nadat die wysigings beskikbaar is, maar nie later as 72 uur (Sondae en openbare vakansiedae uitgesonder) nadat sodanige wysigings aangebring is nie.

(3) (a) In respect of a ship carrying ISO containers, the owner or agent or duly authorised representative shall, at least 120 hours before the ship's arrival in the harbour, deliver to the port manager or other authorised officer at his office separate container lists, in duplicate for all containers to be discharged in that port, for—

(i) each container terminal to which the containers are consigned (including lists for inland terminals);

(ii) each container depot to which the containers are consigned;

(iii) containers to be transhipped at the port of discharge for coastwise destinations or destinations in countries outside the Republic of South Africa; and

(iv) empty containers.

(b) There shall be reflected on container lists—

(i) the containers in alpha-numerical order;

(ii) the name of the container operator responsible for each container;

(iii) whether the container is a full container load (FCL) or less than a container load (LCL);

(iv) whether the container is refrigerated or special in any other respect;

(v) the Inter-governmental Maritime Consultative Organisation (IMCO) classification when the container contains dangerous goods (see regulation 9);

(vi) the cell position aboard (for departmentally planned ships only);

(vii) the total gross mass of each container and its contents;

(viii) the ISO symbol indicating the size of the container.

(c) In cases where more than one container operator is involved in the venture, the container operators shall elect one of themselves to represent the group. This operator will be responsible for the provision of import container lists as specified in subparagraph (a) and (b) of this regulation above.

(4) Amendments to container lists will be accepted by the port manager or other authorised officer up to 72 hours before arrival of the ship in the harbour provided such amendments are incorporated in the list presented to the Department of Customs and Excise and a certificate to that effect is produced.

(5) In respect of a ship carrying ISO containers destined for a country outside the Republic of South Africa, the owner or agent or duly authorised representative shall, at least six hours before arrival of the ship in the harbour, deliver to the port manager, or other authorised officer, separate container lists for all containers to be discharged in that port, reflecting the particulars called for a paragraph 3 (b) of this regulation in port of destination order for each on-carrying ship. If the on-carrying ship is not known, the containers shall be reflected in alpha-numerical order.

(6) A separate container manifest or packing declaration for the cargo packed in each ISO container shall be attached to the relevant container terminal order and/or transshipping order.

(7) (a) The master or agent shall give notification of subsequent amendments to any manifest to the port manager or authorised officer as soon as possible but such notification shall be given not later than 72 hours (excluding Sundays and public holidays) after the ship has sailed.

(b) The master or agent shall give notification of subsequent amendments to any inward manifest to the port manager or authorised officer as soon as possible after they become available but not later than 72 hours (excluding Sundays and public holidays) after such amendments have been made.

(8) Die koste soos in die *Offisiële Hawetarieboek* bepaal, word teen skeepseienaars gehef ten opsigte van alle ontskepte pakke en/of houers wat nie op die onderskeie manifeste en/of die opgawe van inkomende vrag en/of houerlyste aangetoon word nie. Bykomende manifeste of ander dokumente wat na die onderskeie spertye ingelewer word, onthef nie die skeepseienaars van aanspreeklikheid vir koste verskuldig nie.

(9) Houerlyste in alfanumerieke seevragbriefnommerorde vir FCL-houers asook manifeste vir LCL-houers moet binne sewe dae na die skip se vertrek vir houers wat verskeep is en 40 dae na vertrek van die skip vir houers wat ontskeep is, betaal word.

(10) Die bepalings van subparagrafe (1) tot (9) van hierdie regulasie is nie van toepassing op houers wat kuslans verskeep en deur 'n kustransitobrief (houer) of kustransitobrief (leë houer) gedek is nie.

(11) Die hawebestuurder kan weier om 'n aanlêplek toe te wys voordat 'n manifest en/of alle houerlyste ontvang is.

26. Ontskoop van vrag.

Geen kaptein moet toelaat dat daar begin word om sy skip se vrag te ontskoop voordat die vrag behoorlik ingeskryf is by die doeane kantoor, of voordat spesiale magtiging van die Departement van Doeane en Aksyns verkry is om die vrag te begin ontskoop nie.

27. Wanneer luike oopgemaak moet word.

Indien die hawebestuurder dit vereis en omstandighede dit toelaat, moet die kaptein van 'n skip wat op die punt staan om vrag/goedere te ontskoop of in te skeep, alle luike wat gebruik moet word vir sodanige ontskepings- of inskepingswerk laat oopmaak voor die tyd wat bepaal is om met die bedrywighede te begin.

28. Kaptein moet toesig hou oor inskepings- of ontskepingswerk.

Die kaptein of 'n ander verantwoordelike persoon wat behoorlik deur hom aangestel is, moet aan boord van sy skip bly onderwyl vrag, met inbegrip van houers, ingeskeep of ontskeep word, met die doel om toesig oor sodanige inskepings- of ontskepingswerk te hou. Indien enige vrag of skeepstuig oorboord val, moet die kaptein van die betrokke skip dit dadelik aan die hawebestuurder en hawekaptein rapporteer, en sodanige kaptein moet die voorwerpe onmiddellik uithaal as dit vir hom redelikerwys moontlik is, of anders kan die Vervoerdienste dit op koste van die eienaar van die skip uithaal as dit doenlik is.

29. Skepe moet redelik vinnig bedien word.

As die hawebestuurder meen dat 'n skip nie sy vrag/goedere teen 'n redelike tempo inskeep of ontskeep nie, moet hy die kaptein van die skip skriftelik daarvan in kennis stel, en dan verbeur die skip sy inskepings- of ontskepingsbeurt. As die skip 'n aanlêplek beset, kan dit deur die hawekaptein op koste van die eienaar van die skip van so 'n aanlêplek verskuif word. Indien die toerusting of arbeid wat spesiaal vir die ontskeping, inskeping of oorskeping van vrag/goedere bedoel is, nie ten volle gebruik word nie weens die versuim van die kaptein of 'n gebrek van die skip, moet die eienaar van die skip die koste wat daardeur aangegaan is of die toepaslike tariefkoste betaal. In die geval van 'n ophoping van vrag/goedere op 'n kaai of hawehoof of in 'n ligter, of om enige ander rede wat die hawebestuurder as voldoende beskou, kan hy die kaptein van 'n skip versoek om die ontskepingswerk te staak of die vrag/goedere teen 'n stadiger tempo te ontskeep.

(8) The charges prescribed in the *Official Harbour Tariff Book* shall be levied against shipowners for all packages and/or containers landed that do not appear on the respective manifests and/or the report of cargo inwards and/or container lists. Supplementary manifests or other documents handed in after the respective deadlines will not preclude the shipowners from liability for any charges due.

(9) Container lists in alpha-numeric bill of lading number order for FCL containers as well as manifests for LCL containers shall be acquitted to the Harbour Revenue Office within seven days of the departure of the ship in respect of containers shipped and within 40 days in respect of containers landed.

(10) The requirements stipulated in subparagraphs (1) to (9) of this regulation do not apply to containers shipped coastwise which are covered by coastal transit bills (container) or coastal transit bills (empty container).

(11) The port manager may refuse to allocate a berth to a ship until a manifest and/or all container lists have been received.

26. Breaking bulk.

No master shall permit bulk to be broken until the ship's cargo has been duly entered at the custom-house or special authority has been obtained from the Department of Customs and Excise for breaking bulk.

27. When hatches to be opened.

If required to do so by the port manager, and provided circumstances permit, the master of a ship about to discharge or load cargo/goods shall cause all hatches that are to be used for such discharge or loading to be opened before the time fixed for the commencement of the operations.

28. Master to superintend loading or discharge.

The master, or some other responsible person duly appointed by him, shall remain on board his ship whilst it is loading or discharging cargo *including containers* for the purpose of superintending such loading or discharge. Any cargo or ship's gear that may be dropped overboard shall be at once reported by the master of the ship concerned to the port manager and the port captain, and shall be immediately recovered by such master if it is reasonably possible for him to do so, or failing that, and if practicable it may be recovered by the Transport Services at the expense of the owner of the ship.

29. Ships to be worked with reasonable dispatch.

If the master of a ship fails to take in or discharge cargo/goods with such dispatch as is reasonable in the opinion of the port manager the said ship shall, after written notice to that effect has been given by the port manager to the master, lose its turn to take in or discharge its cargo/goods, and if occupying a berth may be removed from such berth by the port captain at the expense of the owner of the ship. If either the plant or labour engaged for the special purpose of landing, shipping or transhipping any cargo/goods is not fully employed owing to the default of the master, or any deficiency of the ship, the expenses incurred thereby or tariff charges applicable shall be paid by the owner of such ship. If the port manager considers it necessary to do so by reason of an accumulation of cargo/goods upon the wharf, jetty or quay, or in a lighter, or for any other reason which he deems sufficient, he may require the master of a ship to suspend discharge or reduce the rate of discharge of cargo/goods.

30. Vrag buite die gewone werkure gehanteer.

(1) Oortydtaarif word gehêf vir werk in verband met die ontskeping, inskeping en oorskeping van vrag/goedere wat buite die gewone werkure soos in die *Offisiële Hawetariefboek* omskryf, verrig word, maar geen sodanige werk mag verrig word nie tensy daar vroegetydig by die hawebestuurder aansoek gedoen is om toestemming daartoe en hy sy toestemming verleen het.

(2) Op versoek van die hawebestuurder moet die kaptein van 'n skip reël dat sy skip sodanige oortyd werk as wat die hawebestuurder nodig ag om die hawewerk te vergemaklik, en hy moet die oortyd koste betaal wat daarvoor bepaal mag word.

31. Wanneer vrag/goedere as ontskep beskou word.

(1) Wanneer vrag/goedere (asook materiaal genoem in regulasie 36) ontskep word, moet dit minstens 2 m van die kant van die kaai of hawehoof, of veilig in 'n ligter, of in 'n trok of ander geskikte voertuig geplaas word; en wanneer slingers, hake, mandjies, nette, hokke of ander toestelle gebruik word, word die vrag/goedere geag aan die Vervoerdienste afgelewer te wees slegs wanneer dit uit die genoemde stroppe, hake, mandjies, nette, hokke of ander toestelle geneem is.

(2) Wanneer 'n ISO-houer deur 'n houerkaaikraan ontskep word, word dit geag aan die Vervoerdienste afgelewer te wees van die oomblik wat die houer vry van die dek van die skip gehys is.

(3) Wanneer vrag/goedere op 'n voertuig oor 'n skepslaaibrug ontskep word, word dit geag aan die Vervoerdienste afgelewer te wees wanneer die wiele van die voertuig vry van die laaibrug is en die voertuig minstens 2 m van die kant van die laaibrug af verwyder is.

(4) Vir die doel van hierdie regulasie beteken "voertuig" enige padvoertuig wat ontwerp is om vrag/goedere te vervoer, en dit sluit ook vrag/goedere op eie wiele in.

32. Wanneer vrag/goedere as verskep beskou word.

(1) Die Vervoerdienste plaas vrag/goedere vir verskeping in toestelle of ander toerusting wat deur die eienaar of kaptein van die skip verskaf word, en daarna word sodanige vrag/goedere geag behoorlik aan die kaptein van die skip afgelewer te wees.

(2) Wanneer 'n ISO-houer deur 'n houerkaaikraan verskep word, word dit geag aan die kaptein van die skip afgelewer te wees slegs wanneer die houer aan boord geplaas en die spreier verwyder is.

(3) Wanneer vrag/goedere op 'n voertuig oor die skepslaaibrug aangebied word vir verskeping, word dit geag behoorlik op die skip afgelewer te wees wanneer die voorwiele van die voertuig die laaibrug raak.

(4) Vir die doel van hierdie regulasie beteken "voertuig" enige padvoertuig wat ontwerp is om vrag/goedere te vervoer, en dit sluit ook vrag/goedere op eie wiele in.

33. Kwitansies vir vrag/goedere.

Die Vervoerdienste gee aan die kaptein van 'n skip 'n ontvangsbewys vir alle vrag/goedere wat ontvang is, en 'n ontvangsbewys word aan die Vervoerdienste gegee vir alle vrag/goedere wat aan die kaptein van 'n skip afgelewer is tensy die Vervoerdienste en die kaptein van 'n skip spesiaal anders ooreengekom het.

34. Krane.

(1) By hawens waar krane geïnstalleer is, moet die kaptein van 'n skip wat vrag/goedere wil ontskep en/of inskep die krane uitsluitend vir daardie doel teen die voorgeskrewe tarief gebruik, met dien verstande dat die hawebestuurder in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf aan die kaptein toestemming kan verleen dat die skip sy eie toestelle gebruik mits die vasgestelde tarief op aanvraag betaal word.

30. Working cargo in overtime.

(1) Work in connection with the landing, shipping or transshipping of cargo/goods performed outside ordinary working hours as defined in the *Official Harbour Tariff Book*, shall be charged for as overtime, but no such work shall be performed unless timely application for permission so to work has been made to the port manager and his consent thereto obtained.

(2) Upon the request of the port manager, the master of a ship shall arrange to work such overtime as the port manager deems necessary to facilitate the working of the harbour, and shall pay such charges as may be specified.

31. When cargo/goods considered landed.

(1) Cargo/goods (as also any article mentioned in regulation 36) when landed, shall be placed at least 2 m from the edge of the wharf, jetty or quay, or shall be safely deposited in a lighter or in a truck or other suitable vehicle; and when slings, hooks, baskets, nets, cages or other appliances are used, delivery of the cargo/goods shall not be deemed to have been made to the Transport Services until the cargo/goods have been removed from the said slings, hooks, baskets, nets, cages or other appliances.

(2) When an ISO container is landed by means of a container wharf crane, delivery shall be deemed to have been made to the Transport Services from the time the container is hoisted clear of the ship's deck.

(3) Cargo/goods on a vehicle when landed over a ship's ramp shall be deemed to have been delivered to the Transport Services when the wheels of the vehicle are clear of the ramp and the vehicle is removed to a position at least 2 m from the edge of the ramp.

(4) For the purpose of this regulation a "vehicle" shall mean any road vehicle designed for the carriage of cargo/goods and shall include cargo/goods on own wheels.

32. When cargo/goods considered shipped.

(1) Cargo/goods for shipment will be placed by the Transport Services in appliances or equipment provided by the owner or master of the ship, and thereupon such cargo/goods shall be deemed to have been properly delivered to the master of the ship.

(2) When an ISO container is shipped by means of a container wharf crane, delivery shall be deemed to have been made to the master of the ship when the container is placed on board and the spreader removed.

(3) Cargo/goods on a vehicle presented for shipment over a ship's ramp shall be deemed to have been properly delivered to the master of the ship when the leading wheels of the vehicle contact the ramp.

(4) For the purpose of this regulation a "vehicle" shall mean any road vehicle designed for the carriage of cargo/goods and shall include cargo/goods on own wheels.

33. Receipts for cargo/goods.

The Transport Services shall grant a receipt to the master of a ship for all cargo/goods received, and a receipt shall be granted to the Transport Services for all cargo/goods delivered to the master of a ship, unless otherwise specially agreed between the Transport Services and the master of the ship.

34. Cranes.

(1) At harbours where cranes are installed the master of a ship desiring to discharge and/or ship cargo/goods shall use those appliances exclusively for that purpose at the prescribed tariff; provided that the port manager may, in the interests of safe, orderly and efficient harbour working, grant permission to the master to use the ship's own appliances on condition that the prescribed tariff is paid if demanded.

(2) Die gebruik van krane is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die huurkoste word bereken vanaf die tyd gemeld in die rekwisisie wat die kaptein of agent van die skip inlewer (of as die skip sy eie toestelle mag gebruik, vanaf die tyd waarop die werk begin), of van die tyd wat die kraan aan die skip toegeken is, watter ook al die laaste is, totdat die huur gestaak is.

(b) Niemand wat 'n kraan huur, mag toelaat dat die draad, tou of ketting onder 'n luikhoof in skeer nie. Hy mag ook nie sodanige kraan gebruik om die skeepsvrag los te werk of uit te sleep nie.

(c) Die huurder word nie toegelaat om 'n kraan tot nadeel van 'n ander applikant te hou wanneer hy dit nie werklik gebruik nie.

(d) Die Vervoerdienste is nie aanspreeklik vir verlies of vertraging wat die huurder of 'n ander persoon mag ly of ondervind as gevolg van kragonderbreking of die onklaar-raking van 'n kraan nie.

(e) Hake mag nie aan die bande of vashouers van bale katoen, wol, kurk, goingsakke of ander soortgelyke goedere gehaak word nie.

(f) (i) 'n Applikant vir die huur van 'n kraan moet al die nodige slingers, kettings en tuig voorsien en aanspreeklikheid daarvoor aanvaar. As slingers, kettings of tuig van die Vervoerdienste gehuur of gratis deur die Vervoerdienste voorsien word, moet die huurder seker maak dat dit geskik en sterk genoeg is, alle aanspreeklikheid aanvaar wat met die gebruik daarvan gepaard gaan, en alle slingers, kettings en tuig stip en in 'n goeie toestand aan die Vervoerdienste terugbesorg.

(ii) Die huurder moet verseker dat enige vrag/goedere of stuwadoorstoeusting wat vir hysing aangebied word behoorlik vasgemaak is en dat dit gedurende die hantering na of van die skip in elke opsig 'n veilige vrag sal wees. Die huurder moet in alle gevalle van onhanteerbare vrag soos lêers, vurkhysers of soortgelyke items, leitoue voorsien, aanheg en hanteer om 'n veilige beweging na en van die skip te verseker.

(iii) Die huurder moet verseker dat geen versoek of instruksie, hetsy mondeling of deur middel van seine, aan die kraandrywer gegee word om hysoperasies of 'n kraanbeweging te verrig voordat dit veilig is om dit te doen nie.

(g) 'n Gehuurde kraan mag nie gebruik word om 'n groter massa as die gesertifiseerde maksimum hysvermoë van sodanige kraan op te hys nie. So 'n kraan mag ook nie saam met 'n ander kraan gebruik word om goedere te hys nie. Die huurder is verantwoordelik vir die behoorlike inagneming van hierdie bepaling. Die Vervoerdienste kan in buitengewone omstandighede op aanvraag toestem dat 'n kraan gebruik word om 'n groter massa as sy gesertifiseerde maksimum hysvermoë te hys mits die oorbelasting nie 25 per sent van die gesertifiseerde maksimum hysvermoë van die kraan oorskry nie. Die Vervoerdienste kan ook in buitengewone omstandighede op aanvraag toestem dat twee krane saam gebruik word, maar die totale massa wat gehys moet word, moet nie 90 per sent van dubbel die gesertifiseerde maksimum hysvermoë van die kraan met die laer hysvermoë wat in die kombinasie gebruik word, oorskry nie. As die aansoek toegestaan word, moet die huurder van die kraan of krane die Vervoerdienste in 'n vorm wat vir laasgenoemde aanneemlik is teen verlies, skade of eise vrywaar wat uit die gebruik van die kraan of krane mag voortspruit.

(h) Ofskoon die Vervoerdienste se werknemers die gehuurde krane bedien, is 'n persoon wat krane huur, aanspreeklik vir alle skade wat gedurende die huurtydperk aangerig word aan sulke krane of hulle toebehore of aan watter eiendom ook al; billike slytasie en skade wat voortspruit uit die nalatigheid van die werknemers van die Vervoerdienste is die enigste uitsonderings op hierdie bepaling.

(2) The following conditions shall apply to the use of cranes:

(a) Hire charges shall commence from the time stated in the requisition handed in by the master or agent of the ship (or when use of the ship's own appliances is authorised, from the time work is commenced), or from the time the crane is allocated to the ship, whichever is the later, until the time the hire is terminated.

(b) No person hiring a crane shall permit any wire, rope or chain to be reeved under the coaming of any hatchway; nor shall such crane be used for the purpose of breaking or dragging out cargo.

(c) The hirer will not be permitted to have or keep a crane at his disposal, to the prejudice of another applicant, when he is not actually using it.

(d) The Transport Services shall not be responsible for any loss or delay suffered by the hirer or any other person by reason of the failure of power or breakdown of a crane.

(e) Hooks shall not be made fast in the bands or fastenings of bales of cotton, wool, cork, gunny bags or other similar goods.

(f) (i) An applicant for the hire of a crane shall provide and be responsible for all necessary slings, chains and gear, and where any slings, chains or gear are hired from or supplied gratuitously by the Transport Services, the hirer shall satisfy himself as to their suitability and strength, accept all responsibility arising out of the use thereof, and promptly return all slings, chains and gear to the Transport Services in good condition.

(ii) The hirer shall ensure that any item of cargo/goods or stevedoring equipment presented for hoisting has been secured in a proper manner and that it constitutes a safe load in every respect during the operation to or from the ship. He shall in all instances where unwieldy loads such as girders, forklift trucks or items of a like nature are concerned, supply, attach and handle guide ropes to ensure a safe movement to or from the ship.

(iii) The hirer shall ensure that no request or instruction is conveyed either verbally or by means of signals to the crane driver to undertake a hoisting operation or a crane movement until it is safe to do so.

(g) No crane shall, while under hire, be used to make a lift in excess of its certified maximum lifting capacity, nor shall any such crane be used in tandem, and the hirer shall be responsible for the due observance of these conditions. The Transport Services may, in exceptional circumstances, upon application, agree to the use of a crane for making a lift in excess of its certified maximum lifting capacity, provided the overload does not exceed 25 per cent of the certified maximum capacity of the crane. The Transport Services may also, in exceptional circumstances, upon application, agree to the use of two cranes working in tandem, but the total lift shall not exceed 90 per cent of double the certified maximum lifting capacity of the crane having the lower capacity used in the combination. If the application is granted, the hirer of the crane or cranes shall indemnify and release the Transport Services in a form acceptable to it against loss, damage or claims that may arise out of the use of the crane or cranes.

(h) Notwithstanding that cranes are worked by the Transport Services' employees while under hire, the hirer will be liable for any damage done to such cranes or the gear in connection therewith or to any property whatsoever while the same are under hire, reasonable wear and tear and damage which results from negligence on the part of the Transport Services' employees excepted.

(i) Die huurder van 'n kraan moet uitvoering gee aan al die bevels of bepalings in verband met die bediening van sodanige kraan of die staking van werk daarmee wat die hawebestuurder van tyd tot tyd mag gee of ople in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf.

(j) Vir die doel van hierdie regulasie sluit die woord "kraan" enige meganiese toestel in wat vir die hantering, inskeping en/of ontskeping van skeepsvrug/goedere gebruik word, en beteken die woord "huurder" die eienaar, kaptein of agent van 'n skip, of 'n persoon in diens van sodanige skip, of gebruiker van sodanige kraan, na gelang van die geval.

35. Dryfkrane.

Die volgende bepalings is van toepassing op die gebruik en huur van 'n dryfkraan in 'n hawe:

(1) Aansoek om die gebruik van die kraan moet op die voorgeskrewe vorm aan die hawekaptein gerig word.

(2) Aansoeke om die gebruik van die kraan word volgens voorrang behandel, onderworpe aan die goeddunke van die hawekaptein in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf.

(3) Die kaptein van 'n vaartuig wat die dienste van 'n dryfkraan nodig het—

(a) moet sorg dat die kant van die vaartuig vry is voordat die dryfkraan na sodanige vaartuig vaar of daarlangs-aan geplaas word; en

(b) is daarvoor verantwoordelik dat die dryfkraan se meertoue behoorlik aan boord van sy skip vasgemaak word.

(4) Die Vervoerdienste behou te alle tye beheer oor die navigasie van die kraan en sal die kraan op 'n geskikte plek plaas volgens die vereistes van die applikant.

(5) (a) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie regulasies word goedere of artikels wat met die kraan gehanteer word, geag aan die Vervoerdienste afgelewer te wees slegs wanneer die goedere of artikels veilig op die kaai of hawehoof of in of op 'n trok of padvoertuig tot bevrediging van die hawebestuurder of 'n ander gemagtigde werknemer van die Vervoerdienste geplaas is; met dien verstande dat die Vervoerdienste aflewering van goedere of artikels op die dek van die kraan of ander vaartuig kan aanvaar as dit regstreeks van een skip na 'n ander oorgeskep moet word.

(b) Vrug/goedere word geag behoorlik aan die kaptein van die skip afgelewer te wees sodra dit in die toestelle of toerusting geplaas is wat deur die eienaar of kaptein voorsien is.

(6) Die voorwaardes uiteengesit in paragrafe (a) tot (i) van regulasie 34 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die huur en gebruik van dryfkrane behalwe waar dit onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie regulasie.

36. Maatreëls om te voorkom dat los materiaal in 'n hawe val.

Onderwyl 'n skip ballas, steenkool, sintels, klip of ander los materiaal laai of aflaai, moet die kaptein van so 'n skip 'n seildoek, bokseil of iets soortgelyks op sodanige wyse laat plaas dat los materiaal nie in die hawe val nie.

37. Artikels wat in 'n hawe val of gegooi word.

Artikels wat in 'n hawe val of gegooi word en wat moontlik 'n gevaar, belemmering of hindernis kan wees as dit nie uitgehaal word nie, moet onmiddellik deur die betrokke persoon uitgehaal word as dit vir hom redelikerwys moontlik is, of anders kan die Vervoerdienste dit op sodanige persoon se koste uithaal as dit doenlik is.

(i) The hirer of a crane shall comply with any order or condition in regard to the working or the discontinuance of the working of such crane which may from time to time be given or imposed by the port manager in the interests of safe, orderly and efficient harbour working.

(j) For the purposes of this regulation the word "crane" shall include any mechanical appliance used for the handling, loading and/or discharging of cargo/goods and the word "hirer" shall mean the owner, master or agent of a ship or any person employed by such ship or user of such crane, as the case may be.

35. Floating cranes.

The following conditions shall apply to the use and hire of a floating crane in a harbour:

(1) Application for the use of the crane shall be made to the port captain on the prescribed form.

(2) Applications for the use of the crane will be dealt with in order of priority, subject to the discretion of the port captain in the interests of safe, orderly and efficient harbour working.

(3) The master of a vessel requiring the services of a floating crane shall—

(a) ensure that the vessel has a "clear side" before the floating crane proceeds to or is placed alongside such vessel; and

(b) be responsible for the proper securing of the mooring lines of the floating crane aboard his vessel.

(4) The Transport Services will at all times retain control over the navigation of the crane, and will place the crane in a position suitable to meet the requirements of the applicant.

(5) (a) Notwithstanding anything to the contrary in these regulations, delivery of any goods or articles handled by the crane shall not be deemed to have been made to the Transport Services until the goods or articles have been deposited safely upon the wharf, jetty or quay, or in or upon a truck or road vehicle to the satisfaction of the port manager or other authorised employee of the Transport Services; provided that the Transport Services may accept delivery of any goods or articles on the deck of the crane or other craft for the purpose of direct transshipment from one ship to another.

(b) Cargo/goods shall be deemed to have been properly delivered to the master of the ship once such cargo/goods is/are placed in the appliances or equipment provided by the owner or master.

(6) Except in so far as they are inconsistent with the provisions of this regulation, the conditions set forth in paragraphs (a) to (i) of regulation 34 (2) shall *mutatis mutandis* apply in connection with the hiring and use of floating cranes.

36. Prevention of loose articles falling into a harbour.

The master of every ship which is loading or unloading ballast, coal, cinders, stone or any other loose articles shall cause a canvas, tarpaulin, or some other similar device to be placed in such a manner as to prevent any such loose articles from falling into the harbour.

37. Articles dropped or thrown into a harbour.

Any article dropped or thrown into a harbour which is liable to cause a danger, obstruction or nuisance if it is not recovered, shall be immediately recovered by the person concerned if it is reasonably possible for him to do so, failing which the Transport Services may, if practicable, recover such article at such person's expense.

38. Stort van vreemde stowwe, met inbegrip van olie, in 'n hawe.

(1) Niemand mag klippe, gruis, ballas, karkasse, vrag, vullis, as, bottels, mandjies, afval of aanstootlike of onwelierikende stowwe of enige ander artikel of stof van watter aard ook al in 'n hawe gooi nie en niemand mag verf in 'n hawe mors of 'n olierige of wasagtige uitvloeisel of olie van watter aard ook al, hetsy sodanige olie van minerale, dierlike of plantaardige oorsprong is of nie, in 'n hawe los of laat uitlek of toelaat dat dit daarin gelos word of uitlek nie.

(2) As olie van enige aard of vlambare vloeistof, 'n uitvloeisel of water uit 'n vuil olietank, visolietank, kim of ruim wat olie, vlambare vloeistof of vrag van watter aard ook al bevat het, uit 'n skip gelos of toegelaat word om daaruit in 'n hawe uit te lek, word die kaptein van sodanige skip geag hom skuldig te gemaak het aan 'n oortreding van hierdie regulasie en is hy persoonlik strafbaar daarvoor. Daarbenewens is hy aanspreeklik vir alle koste wat die Vervoerdienste mag aangaan om sodanige olie, vlambare vloeistof, olierige uitvloeisel of besmetmiddel te verwyder.

(3) Die bepalings van hierdie regulasie stel niemand vry van die nakoming van die bepalings van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Besoedeling van die See deur Olie, 1981, nie, welke wet van toepassing is op die waters van 'n hawe binne die jurisdiksie van die Vervoerdienste. Enige oortreding van die bepalings van genoemde wet is onderworpe aan die strawwe wat in daardie wet voorgeskryf is.

(4) As 'n daad wat 'n oortreding van hierdie regulasie uitmaak, tot gevolg het dat 'n aanlêplek in die hawe versper raak, moet die eienaar of kaptein van die skip wat vir die versperring verantwoordelik is, dit onmiddellik op sy koste laat verwyder, anders kan die Vervoerdienste die versperring op koste van die eienaar of kaptein verwyder. As 'n ander skip beskadig word ten gevolge van die versperring is die genoemde eienaar of kaptein aanspreeklik vir sodanige skade.

(5) Die kaptein van elke skip wat langs 'n kaai of hawehoof vasgemeer is, moet sorg dat alle uitlaatopenings van sy skip aan die kant van die kaai of hawehoof gesluit of behoorlik bedek is om te voorkom dat water of uitvloeisel op die kaai- of hawehoofoppervlak, bolders, meerstoele, telefoonkabels, skeepsutte of slangverbindinge uitlek.

39. Ballas.

Geen ballas mag binne 'n hawe ontskep of gelaai word nie, tensy die hawebestuurder toestemming daartoe gegee het en die voorwaardes wat hy in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf mag opleë, nagekom word.

40. Inskeping of ontskeping van losmaatvrag: Ventilasio en veiligheid.

Wanneer steenkool, erts, delfstowwe of soortgelyke produkte in die bunkers, ruim of 'n toe plek op of onder die dek in 'n skip ingeskep of daaruit ontskep word, moet die kaptein van so 'n skip maatreëls tref vir geskikte ventilasie en die veiligheid van die tremmers.

41. Luike moet verwyder word.

Die kaptein van 'n skip wat steenkool, erts, delfstowwe of ander losmaatvragte inskep of ontskep, moet alle luike en luikbalke wat in die pad van die inskepings- of ontskepingstoestelle is, laat verwyder en moet sodanige luike en luikbalke op hulle plekke laat terugplaas nadat die inskepings- of ontskepingswerk voltooi is. Die kaptein van 'n skip is te alle tye verantwoordelik vir die beskerming van vragte wat aan kontaminasie blootgestel is.

38. Deposit of foreign matter, including oil, in a harbour.

(1) No person shall throw or deposit into any harbour stones, gravel, ballast, carcasses, cargo, dirt, ashes, bottles, baskets, rubbish, objectionable or malodorous matter or any other article or substance of whatsoever nature, and no person shall spill paint in any harbour or cause or allow oily or waxy effluent or oil of any description, whether or not such oil be of a mineral, animal or vegetable origin, to be discharged or to escape into a harbour.

(2) If oil of any description or flammable liquid, effluent or water from an uncleaned oil tank, fish-oil tank, bilge or hold which has contained oil, flammable liquid or cargo of any kind, is discharged or allowed to escape into a harbour from a ship, the master of such ship shall be deemed to have committed a breach of this regulation and shall be personally liable to punishment therefor and, in addition, shall be liable for any costs that may be incurred by the Transport Services in removing such oil, flammable liquid, oily effluent or contaminant.

(3) The provisions of this regulation shall not exempt any person from due observance of the provisions of the Prevention and Combating of Pollution of the Sea by Oil Act, 1981, which Act is applicable to the waters of a harbour under the jurisdiction of the Transport Services. Any contravention of the provisions of the aforementioned Act shall be subject to the penalties prescribed therein.

(4) If any act that constitutes a contravention of this regulation results in the obstruction of any berth in the harbour, the owner or master of the ship responsible for the obstruction shall forthwith cause the obstruction to be removed at his expense, failing which the Transport Services may remove the obstruction at the expense of the owner or master, and should any other ship sustain damage as a result of the obstruction, the said owner or master shall be liable for such damage.

(5) The master of every ship that is berthed alongside a quay or jetty shall cause all the discharge outlets of his ship facing the quay or jetty to be closed or to be provided with adequate covers to prevent any inadvertent discharge of water or effluent onto the quay or jetty surface, bollards, moorings, telephone cables, fenders or hose connections.

39. Ballast.

No ballast shall be landed or shipped within a harbour except by permission of the port manager and under such conditions as he may impose and in the interests of safe, orderly and efficient harbour working.

40. Loading or discharging of bulk cargo: Ventilation and safety.

The master of a ship, when loading or discharging coal, ores, minerals, or similar products into or out of bunkers, hold or any enclosed space above or below deck, shall make suitable provision for ventilation and the safety of the men engaged in trimming.

41. Hatches to be removed and replaced.

The master of a ship which is loading or unloading coal, ores, minerals or other bulk cargoes shall cause all hatches and hatch beams to be removed that are in the way of the loading or unloading appliances, and shall be responsible for the replacement of such hatches and hatch beams after loading or unloading operations are completed. The master of a ship shall at all times be responsible for the protection of cargoes sensitive to contamination.

42. Kaptein moet skip tydens inskepings-/ontskepingsproses beskerm.

Dit is die plig van die kaptein om sy skip te beskerm deur laaibome, lugkokers, skoorsteengeie, jomperstae en alle ander versperrings te verwyder wat die bediening van die hanteertoestelle belemmer. Hy moet ook die dekke, bote en alle ander toebehore beskerm wat gedurende inskepings- of ontskepingswerk beskadig kan word. Die kaptein is ook verantwoordelik vir die veiligheid en beskerming van alle persone wat gedurende sodanige inskepings- of ontskepings- bedrywighede op die skip werk.

43. Meganiese hanteertoestelle.

1. (a) 'n Skip wat steenkool, erts of minerale moet laai, moet sodanige vragte deur middel van die vervoerdienste se meganiese hanteertoestelle laai, tensy voldoende en gegronde redes waarom sodanige toestelle nie gebruik kan of moet word nie verstrekkend word tot bevrediging van die hawebestuurder, wie se beslissing finaal is.

(b) Die kaptein of agent van die skip moet die voorgeskrewe aansoekvorm vir die gebruik van die meganiese hanteertoestelle teken.

(c) Skepe moet in volgorde van aankoms by die meganiese hanteertoestelle aanlê, maar hierdie reëling is in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf te alle tye onderworpe aan die goeddunke van die hawebestuurder. 'n Skip wat nie op die vasgestelde tyd gereed is nie, verbeur sy beurt.

(d) As die volle hoeveelheid vrag wat 'n skip nodig het, nie voorhande is wanneer hy vrag inneem nie, moet sodanige skip die aanlêplek verlaat sodra die voorraad uitgeput is.

(e) Elke skip wat naby of onder die meganiese hanteertoestelle aanlê, moet genoeg bemanning aan boord hê wat gereed is om die skip te eniger tyd gedurende die dag of nag te verskuif soos vereis deur die hawekaptein. As die bevel van die hawekaptein nie onmiddellik uitgevoer word nie, kan die Vervoerdienste die skip op koste van die eienaar daarvan verskuif.

2. Operateurs van private meganiese of ander vraghanteertoestelle of -installasies mag onder geen omstandighede hetsy vir herstel-, instandhoudings-, toets- of ander doeleindes toelaat dat die sperbome, stortgeute, laaibome of ander toebehore daarvan laat sak word, uitsteek of so geplaas word dat dit 'n versperring oor die water van die aangrensende aanlêplek(ke) veroorsaak nie, behalwe wanneer vrag ingeskeep of ontskeep word, tensy skriftelike magtiging hiervoor deur die hawekaptein, hawebestuurder of ander gemagtigde amptenaar uitgereik is en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat nodig geag mag word in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebedryf.

44. Brande op skepe.

As daar 'n brand op 'n skip in 'n hawe ontstaan, moet die kaptein dadelik die alarm gee deur die skeepsirene aanhoudend te laat loei, of as die skeepsirene nie gebruik kan word nie, deur die skeepsklokke aanhoudend te laat lui, en hy moet onmiddellik die hawekaptein, die hawebestuurder en die plaaslike munisipale brandweer van die brand verwittig. Die personeel van sodanige skip moet dadelik alle moontlike stappe doen om die brand te blus en aangrensende eiendom te beskerm en alle verdere hulp verleen wat die hawekaptein mag vereis.

45. Sanitasierreëlings in 'n hawe.

